# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/19)


(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 24 Mei 2019*

**"The first rule of any technology used in a business is that automation applied to an efficient operation will magnify the efficiency. The second is that automation applied to an inefficient operation will magnify the inefficiency" Bill Gates**

## SITRUSUITVOERE NA MIDDE-OOSTE VANAF MAPUTO IN 2019: MITCHELL BROOKE VRA VIR 'N HERBESINNING

In 2017 het ons die hawebedrywighede in Durban as swak beskryf, in 2018 het dit vererger. Die vroeë seisoen se ervaring vir 2019 se verrigtinge by die Durban-hawe is uiters teleurstellend. Die statistieke toon dat die produktiwiteit van DCT op 'n laagtepunt is - die gemiddelde "Gross Crane Hours" (GCH) is onder 20 GCH (normaalweg sowat 25 GCH) en die gemiddelde omkeertyd per vragmotor (TTT) is ongeveer 400 minute, met sommige dae wat 'n TTT van 600 minute oorskry. Dinge het so hand uitgeruk dat die vragmotorbestuurders Woensdag 15/05 'n protesoptog vir 12 ure gereël het wat die grootste opeenhoping van vragmotors, wat nog ooit gesien is, veroorsaak het. Die vooruitsigte vir Durban se bedrywighede, waarvan die meeste hoofsaaklik houers is, lyk nie goed in hierdie vroeë stadium van die 2019 seisoen nie. In sommige gevalle spoel die probleme in Durban oor na PE en Kaapstad hawens - as die skepe nie by hierdie hawens kan aandoen weens die vertragings in Durban nie. CMA CGM, wat aan die voorpunt van 'n diens aan die Midde-Ooste vanaf Maputo is, wil Maandag 27/05 onttrek (weens gebrek aan ondersteuning). Miskien moet daar vinnig heroorweeg word alvorens dit te laat is....




## GEPAK EN VERSKEEP

Die afgelope week het die Pomelo fokusgroep vergader en weer hul voorspelling vir die 2019-oes verminder - nou teen 15,4 miljoen 15g kartonne (13,1 miljoen 17kg kartonne). Die boodskap van die groep is dat 'n vroeë einde vir die pomelo-seisoen voorspel word.

Die satsuma-seisoen kom ook vinnig tot 'n einde, met 1,3 miljoen van die voorspelde vrugte wat reeds in die kartonne is (nadat die oorspronklike skatting vanaf 2 miljoen kartonne verminder is).

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 20 | Packed | Packed | Packed | Shipped | Shipped | Original Estimate | Latest Prediction | Final Packed |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 7.1 m | 6.2 m | 6.7 m | 3.4 m | 3.5 m | 17.1 m | **15.4 m** | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 3.4 m | 4 m | 3.5 m | 3.2 m | 2.1 m | 18.3 m | 17.8 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 7 m | 7.9 m | 6.3 m | 6.2 m | 3.9 m | 22 m | 21.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 2.7 m | 2.5 m | 1.6 m | 1.2 m | 0.3 m | 26.9 m | 26.9 m | 26.7 m |
| Valencias | 0.2 m | 0.1 m | | | | 52.9 m | 52.9 m | 54.4 m |
| **Totaal** | **20.4 m** | **20.7 m** | **18.1 m** | **14 m** | **9.8 m** | **137.2 m** | **134.4 m** | **136 m** |

**DIE CGA GROEP SE MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**